Bib /94

LL

Saak No 25/1992

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

JOHANNES PAULUS SNYMAN — Appellant

en

HESTER SNYMAN — Respondente

CORAM: BOTHA, KUMLEBEN ARR et NICHOLAS Wnd AR

DATUM VAN VERHOOR: 2 MEI 1994

DATUM REDES VERSTREK: 20 MEI 1994

---

UITSPRAAK

---

BOTHA AR:-

Op 2 Mei 1994 het die Hof 'n bevel uitgereik waarvolgens die appellant se aansoek om kondonasie van die nie-nakoming van die Reëls van hierdie Hof van die hand gewys is met koste, insluitende die koste van die appèl en die koste van twee advokate. Daar is toe aangedui dat die redes vir die bevel later verstrek sou word. Hier volg hulle.

Die versuim om aan die Reëls te voldoen, het betrekking op die indiening van die oorkonde by die Griffier, ingevolge Reël 5(4). Soos weldra sal blyk, is 'n oorkonde aanvanklik betyds ingedien, maar dit was gebrekkig; dit is later (baie later) in die geheel vervang deur 'n nuut-saamgestelde oorkonde; en nog later is een volume daarvan weereens vervang. Die appellant het self geen skuld aan hierdie verloop van sake nie. Dit is uitsluitlik te wyte aan die prokureurs wat namens hom opgetree het. Wat dit betref, het NESTADT AR soos volg opgemerk, in

Tshivhase Royal Council and Another v Tshivhase and Another; Tshivhase and Another v Tshivhase and Another 1992 (4) SA 852 (A) op 859E-F:

> "This Court has often said that in cases of flagrant breaches of the Rules, especially where there is no acceptable explanation therefor, the indulgence of condonation may be refused whatever the merits of the appeal are; this applies even where the blame lies solely with the attorney (see, for example, P E Bosman Transport Works Committee and Others v Piet Bosman Transport (Pty) Ltd 1980 (4) SA 794 (A) at 799D-H)."

Hierdie benadering is onlangs weer toegepas in Blumenthal and Another v Thomson NO and Another 1994 (2) SA 118 (A) op 121I-122B.

In die huidige geval het die onvermoë van die appellant se prokureurs om 'n behoorlike oorkonde saam te stel en in te dien verregaande afmetings aangeneem, en is geen aanvaarbare verduideliking daarvan aangebied nie. Die opvallendste kenmerk van die aansoek is dat daar ten opsigte van sommige

aspekte van die prokureurs se optrede verduidelikings gegee is wat hopeloos ontoereikend is om die Hof in staat te stel om te begryp wat werklik gebeur het, en dat daar in ander opsigte van hulle optrede, wat van wesenlike belang is vir die beregting van die aansoek, geen poging eers aangewend is om enige verduideliking hoegenaamd aan te bied nie. Met inagneming van die welbekende algemene oorwegings wat in aansoeke van hierdie aard toepaslik is (sien bv Federated Employers Fire & General Insurance Co Ltd and Another v McKenzie 1969 (3) SA 360 (A) op 362F-H), is die huidige 'n geval waar kondonasie geweier moes word sonder dat daar ingegaan word op die appellant se vooruitsig op sukses in die appèl.

Dit is onnodig om al die besonderhede uiteen te sit van die droewige beeld van die prokureurs se optrede wat uit hulle beëdigde verklarings in die aansoek na vore kom. Die aansoek verdien

inderwaarheid nie meer as kortaf behandeling nie. Ek volstaan dus met enkele hooftrekke.

Die uitspraak in die aksie tussen die partye, wat in die Afdeling Kaap die Goeie Hoop verhoor is, is gelewer op 8 November 1991. Daarna het die appellant aansoek gedoen om verlof om te appelleer. Op 12 Desember 1991 het die verhoorregter 'n uitspraak gelewer waarin verlof toegestaan is om na hierdie Hof te appelleer. Die respondent se prokureur het skriftelik toegestem tot 'n verlenging van die tyd waarbinne die oorkonde ingedien moes word, tot 10 April 1992. Die appellant se Kaapstadse prokureur, mnr Wood, het die taak op hom geneem om self die oorkonde te probeer saamstel. Op 9 April het Wood die resultaat van sy poging versend aan mnr Buchner, die appellant se prokureur in Bloemfontein. Die kronologiese verloop van die gebeure daarna, soos dit blyk uit die stukke, was soos volg:

(1) 10 April 1992: Die oorkonde wat saamgestel is deur Wood word, in die tydelike afwesigheid van kantoor van Buchner, deur laasgenoemde se sekretaresse ontvang en ingedien by die Griffier, wat dit aanvaar.

(2) 25 Augustus 1992: Buchner word deur die Griffier se kantoor in kennis gestel dat die aansoek om verlof om te appelleer en die verhoorregter se uitspraak daarop nie in die oorkonde gevind kan word nie, en hy word versoek om aandag daaraan te gee.

(3) 28 September 1992: Buchner dra hierdie inligting oor aan Wood en versoek hom om die ontbrekende dokumente beskikbaar te maak.

(4) 30 November 1992: Wood gaan met verlof vir twee maande, met instruksies aan 'n kandidaat-prokureur op sy staf om in sy

afwesigheid aandag te gee aan die oorkonde.

(5) 2 Desember 1992: Buchner rig 'n skrywe aan Wood waarin hy berig dat hy die oorkonde nagegaan het en op talle probleme afgekom het. 'n Lang memorandum word aangeheg met 'n lys van talle foute en tekortkominge in die oorkonde.

(6) 19 Januarie 1993: Buchner rig 'n skrywe aan Wood waarin hy verwys na die groot aantal probleme in die oorkonde en sê dat die foute nie reggestel kan word voordat opdragte ontvang word ten opsigte van die memorandum van 2 Desember 1992 nie.

(7) 21 Februarie 1993: Buchner en Wood kom ooreen dat die oorkonde nie reggestel kan word deur net verbeteringe daaraan aan te bring nie, en dat Buchner van vooraf aan

opnuut die oorkonde sal voorberei en saamstel.

(8) 13 Julie 1993: Buchner stuur afskrifte van die nuut opgestelde oorkonde aan Wood.

(9) 1 September 1993: Die nuwe oorkonde word by die Griffier ingedien, tesame met 'n versoekskrif van Wood waarin gevra word om kondonasie van die laat indiening van 'n behoorlike oorkonde.

(10) 2 September 1993: Die Griffier gee kennis aan die partye dat die appellant se betoogshoofde ingedien moet word voor 26 Oktober 1993 en die respondent s'n voor 30 Desember 1993.

(11) Voor 26 Oktober 1993 (die presiese datum is onbekend) verwittig die advokaat wat opgedra is om die appellant se betoogshoofde op te stel vir Wood dat die nuwe oorkonde

steeds in verskeie opsigte nie voldoen aan die voorskrifte van Reël 5 nie, dat die gebreke onverwyld reggestel moet word, dat die eerste versoekskrif om kondonasie ontoereikend was, en dat 'n nuwe versoekskrif onmiddellik ingedien moet word.

(12) 25 November 1993: 'n Tweede versoekskrif om kondonasie word by die Griffier ingedien, hierdie keer van die appellant self (hy het toe pas vir die eerste keer verneem van die probleme met die oorkonde). Aangeheg daarby is 'n beëdigde verklaring van Wood en afskrifte van die eerste petisie en al die aanhangsels daarby.

(13) 11 Januarie 1994: Die Griffier stel die partye in kennis dat die appèl ter rolle geplaas is vir verhoor op 2 Mei 1994.

(14) 31 Januarie 1994: Volume 18 (die laaste

band) van die oorkonde in die Griffier se kantoor word vervang deur 'n nuwe volume 18.

(15) 20 April 1994: Buchner dien by die Griffier 'n inhoudsopgawe in van die stukke van die tweede versoekskrif (wat, met die bestrydende veklarings, altesaam 91 bladsye beslaan wat nie agtereenvolgens genommer is nie), tesame met 'n brief waarin versoek word dat 'n afskrif gestuur moet word aan elk van die voorsittende regters, met die oog op die appèl wat aangehoor staan te word op 2 Mei 1994.

Soos uit die voorgaande opsomming blyk, was die eerste oorkonde, wat Wood voorberei het, in so 'n mate defektief dat dit in die geheel vervang moes word. Wood sê dat hy sedert 1963 praktiseer en dat hy uitgebreide ondervinding het van litigasie in die

landdroshof en die Hooggeregshof, maar dat hy nie tevore ervaring gehad het van die voorbereiding van 'n oorkonde vir 'n appèl in hierdie Hof nie. Gebrek aan ervaring is op sigself nie 'n geldige verskoning nie (sien bv Blumenthal se saak supra op 121C-D), maar in ieder geval kan dit nie die soort foute in die oorkonde verklaar wat uiteengesit word in Buchner se memorandum genoem in paragraaf (5) hierbo nie. Uit die ellelange lys blyk onder andere die volgende: die inhoudsopgawe is in talle opsigte sowel onvolledig as foutief; talle bladsye in die oorkonde is glad nie genommer nie, of verkeerd genommer; die bladsye is nie deurlopend genommer nie, maar asof die oorkonde uit verskillende afdelings bestaan; talle blanko bladsye is ingebind; talle bladsye is weggelaat; talle bladsye is onleesbaar; en so meer. Die beeld is een van skokkende slordigheid. Dáárvoor het Wood nie eens probeer om 'n verduideliking of 'n

verskoning aan te bied nie.

Wat die tweede oorkonde betref, blyk dit uit paragrawe (7) en (8) hierbo dat dit Buchner bykans vyf maande gevat het om dit voor te berei. Sy verduideliking van die tydsverloop is ontoereikend. Hy sê dat die hervoorbereiding 'n "enorme taak" was, maar verstrek geen feite waarvolgens die juistheid van hierdie aanspraak getoets kan word nie. Hy sê dat sy taak bemoeilik is deurdat hy nie betrokke was by die saak in die hof a quo nie, maar voeg terselfdertyd by dat, behalwe die dokumentasie ten opsigte van die aansoek om verlof om te appelleer, geen nuwe dokumente of bewysstukke in die gewysigde oorkonde ingevoeg is nie; dit is slegs "gewysig en aangepas" om te voldoen aan die vereistes ten opsigte van formaat en gehalte. 'n Mens kan nie verstaan hoekom die proses so lank geneem het nie. Daarbenewens was die nuwe oorkonde steeds in verskeie opsigte defek-

tief, soos blyk uit paragraaf (11) hierbo. Buchner sê niks van die foute wat die advokaat gevind het nie (daar is nie 'n nuwe verklaring van hom by die tweede versoekskrif nie). Wood verwys slegs na die advokaat se advies, sonder om te verduidelik wat die foute is. Terwyl hy nie die Hof daaroor in sy vertroue neem nie, verklaar hy eenvoudig dat sommige van die foute nie reggestel kan word sonder om weereens die hele oorkonde te vervang nie, en dan sê hy: "Due to the unfortunate history of this matter this option appears to be unviable as it will result in further delay and will prejudice all parties." Die implikasie is dat hierdie Hof genoeë moet neem met 'n defektiewe oorkonde sonder dat hy ingelig word oor wat die defekte is en hoe hulle ontstaan het. So 'n benadering kan nie gedoog word nie.

Vir die vertragings tussen die ander gebeure wat genoem word in die genommerde paragrawe van

die opsomming hierbo word daar merendeels geen verstaanbare of aanvaarbare verduideliking gegee nie. Byvoorbeeld: ten opsigte van die maand wat verloop het tussen (2) en (3) sê Buchner slegs dat hy gedurende September 1992 sy opwagting by die Griffier gemaak het om hom "van die probleem met die oorkonde te vergewis"; ten opsigte van die twee maande tussen (3) en (4) sê Wood dat hy gedink het die ontbrekende dokumente kan maklik net bygevoeg word, maar hy rep geen woord van hoekom hy niks daaraan gedoen het nie; van die maand en 'n half tussen (8) en (9) sê Wood net dat hy die nuwe oorkonde deurgelees het en 'n versoekskrif van stapel gestuur het; en ten opsigte van die inhoudsopgawe in (15) word niks deur Buchner of Wood gesê oor hoekom dit eers kort voor die verhoor van die appèl ingedien is, op 'n stadium toe dit te laat was om die stukke wat by die regters was te nommer en die inhoudsopgawe dus van geen werklike nut

was nie.

Ten slotte openbaar die vervanging van volume 18 van die oorkonde op 31 Januarie 1994 (paragraaf(14) hierbo) die ernstigste pligsversuim van die appellant se prokureurs, wat ten sterkste veroordeel moet word. In die nuwe volume 18 is die uitspraak van die hof a quo op die aansoek om verlof om te appelleer vir die eerste keer in die oorkonde opgeneem. Soos ons reeds gesien het (paragrawe (2) en (3)), het die Griffier reeds op 25 Augustus 1992 hieroor navraag gedoen en het Buchner op 28 September 1992 vir Wood daarvan in kennis gestel. Die onverklaarde vertraging om die betrokke uitspraak in die oorkonde te kry, is erg genoeg, maar daar is 'n verdere aspek daaraan verbonde wat ontstellend is. Toe die nuwe oorkonde wat deur Buchner voorberei is, op 1 September 1993 by die Griffier ingedien is, het dit gepaard gegaan met 'n brief van Buchner aan die

Griffier, gedateer 31 Augustus 1993, waarin die volgende gesê word:

> "Volgens ons instruksies bestaan daar nie 'n Uitspraak ten opsigte van die Aansoek om Verlof tot Appèl nie, en ter bevestiging hiervan heg ons aan afskrif van skrywe ontvang vanaf ons korrespondent, mnre Ince, Wood en Raubenheimer, die inhoud wat spreek vir sigself:"

Die skrywe van Wood, wat aangeheg is en ook gedateer is 31 Augustus 1993, lui soos volg:

> "We refer to the above matter and confirm that apart from the Court Order granting leave to appeal on pages 1287 and 1288 of the Amended Record, no other judgment or court order regarding the granting of leave to appeal was made."

Dit is verstommend dat Wood so 'n verkeerde stelling kon gemaak het. Die betrokke uitspraak was nie 'n blote formaliteit nie; dit beloop 12 bladsye en bevat 'n breedvoerige bespreking van sowel die redes waarom verlof toegestaan is as van tussentydse bevele rakende die opskorting en tenuitvoorlegging van

onderskeie gedeeltes van die regshulp wat in die hoofuitspraak verleen was. Dit is duidelik dat die verkeerde inligting verstrek is in antwoord op 'n navraag van die Griffier ten opsigte van die nuwe oorkonde wat aangebied is, en die afleiding moet gemaak word dat die Griffier nie die nuwe oorkonde sou aanvaar het sonder die uitspraak en sonder daardie inligting nie. Wood en Buchner moes albei bewus gewees het van die Griffier se standpunt. Ten spyte daarvan het nie een van hulle die skrywes van 31 Augustus 1993 onder die aandag van hierdie Hof gebring ten einde die fout te verduidelik of verskoning daarvoor aan te bied nie (die skrywes is deur die Griffier voor die Hof geplaas). Instede daarvan word volume 18 eenvoudig vervang deur 'n nuwe volume waarin sekere dokumente weggelaat word (hoofde van argument in die hof <u>a quo</u>) en die uitspraak ingevoeg word; die bladsye word hernommer op so 'n manier dat

die verwysings in die advokate se betoogshoofde in die appèl na gedeeltes van die hoofuitspraak a quo in dieselfde volume nie opgevolg kan word nie. Vir die gepeutery met die oorkonde op so 'n laat stadium van die prosedure word nie alleen geen verduideliking verskaf en geen kondonasie aangevra nie; inteendeel swyg mnre Buchner en Wood daaroor en laat die Hof volkome in die duister oor wat hulle gedoen het. Hulle optrede in hierdie opsig is onverskoonbaar en kan nie gekondoneer word nie.

Om die voorgaande redes is die bevel uitgereik wat aan die begin van hierdie uitspraak genoem is.

A S BOTHA AR

KUMLEBEN AR

STEM SAAM

NICHOLAS Wnd AR